

26 Maart

Skrifgedeelte: Deuteronomium 1

Fokusgedeelte: Deut 1:2

Ek bring dikwels die slegte dinge op my pad

God beskik oor alles in jou lewe. Tog kan jy deur ongehoorsaamheid verantwoordelik wees vir krom- en ompaaie. Dit het elf dae gevat om van Horeb na Kades-Barnea te trek. Van die plek waar God sy wet gegee het sou dit net 'n reis van elf dae vir Israel wees voordat hulle in die beloofde land sou aankom. Dit duur egter veertig jaar. Hoekom? Vers 26 "...maar julle wou nie optrek nie." Vers 32 "Julle het nie julle vertroue gestel in die Here julle God nie." Jy kan sê: Dis God wat hulle hierdie lang pad wou laat loop. Nee! Vers 6 "Julle het nou lank genoeg by hierdie berg gebly. Breek nou kamp af en trek..."

Vers 8 "Ek stel hierdie land tot julle beskikking. Trek in en neem dit in besit." God sê nie dat hulle die land oor veertig jaar moet ingaan nie. Hy het 'n pad van nog net elf dae vir Israel bepaal. Hoekom duur dit dan uiteindelik veertig jaar? Daar was die gebeure met die verspieders. Die volk word bang en wil nie optrek nie. Hulle sê selfs: "Omdat die Here ons haat, het Hy ons uit Egipte laat trek" (vs 27). Hy wat hulle in die woestyn gelei het (vs 31) en wat voor hulle uitgetrek het (vs 33) word gelaster. Daarom het sy toorn ontvlam (vs 34). So word die pad van elf dae veertig jaar.

God werk jou pad uit, maar jy kan deur jou eie toedoen 'n ompad, 'n woestynpad oor jou bring: Ek kan aanhou met my drinkery en my gesondheid knak. Ek kan my huwelik verwaarloos en toelaat dat dinge skeef loop. Dis nie God se skuld nie, maar my eie skuld. God se raadsplan word nie uitgesluit nie, maar ook nie jou persoonlike verantwoordelikheid nie. Jy moet steeds die pad van gehoorsaamheid loop – soos Jesus wat net na die wil van God gevra het.

Sing: Psalm 40:4

Ds LD Aucamp (Cullinan)